

Source: RAPPORT

Date: 28-Sep-2003

Topic: 19

Ref No: 5678



1

ID: 02998108-01

Source Page: 7

Verwerkte stapelkos duurder

HENNIE DUVENHAGE

Hoewel produsente van stapelvoedsel soos mielies en koring deesdae dieselfde prys vir hul produkte kry as twee jaar gelede, het die prys van sulke voedsel in 'n verwerkte vorm oor dieselfde tydperk met tussen 25% en 35% toegeneem.

Prof. Johan Kirsten, voorsitter van die voedselprys-monitoringskomitee, sê die kontantprys van witmielies het in die twaalf maande tot einde Augustus vanjaar met 44,60% gedaal en dié van geelmielies met 51,10%.

Die prys van sonneblomsaad het in dieselfde tydperk met 37,07% afgeneem en dié van koring met 14,40%.

Die daling in die pryse van die kommoditeite het egter nie gelei tot 'n soortgelyke daling in die pryse van voedselsoorte wat daaruit berei word nie.

Hoewel die prys van witmielies sedert April vanjaar reeds naby die gemiddelde prys is wat in die tydperk Januarie 2000 tot September 2001 behaal is, was die prys van mielie-meel in Julie vanjaar steeds 25,8% hoër as die gemiddelde prys van mielie-meel tussen Januarie 2000 en Januarie 2002.

Dieselfde tendens word gesien wanneer die prys van koring en dié van brood met mekaar vergelyk word.

Sedert Februarie vanjaar is die prys van koring bykans op die gemiddelde prysvlak wat produsente tussen Januarie 2000 en Oktober 2001 gekry het.

Die prys van bruinbrood was in Julie vanjaar egter steeds 33% hoër as die gemiddelde prys wat verbruikers tussen Januarie 2000 en Oktober 2001 betaal het.

Verskeie faktore is hiervoor verantwoordelik. Daar is gewoonlik 'n sloertyd van vier tot vyf maande voordat die daling in die prys van landboukommoditeite in die prys van die finale produk weerspieël word.

Baie van die voedselprodukte wat op die rakke is, is verwerk en in houers verpak, wat ook 'n invloed op pryse het.

Stygende bedryfskoste weens hoër vervoerkoste, hoër lone, hoër rentekoerse en administratiewe koste (soos elektrisiteit en telefone) wat vinniger as inflasie styg, keer dat pryse daal.

'n Voorbeeld is die prys van brood, waar slegs 20% van die broodprys uit die prys van koring-meel bestaan.

Die res van die koste van 'n brood bestaan uit vervoer van die brood van die bakkery na die winkel, die sakkie waarin die brood verpak word, die winkelruimte wat gehuur word en arbeid om die brood te bak, te vervoer en te verkoop.

Die prys wat verbruikers vir rys betaal, het sedert Mei vanjaar reeds tot onder die vlak van die gemiddelde prys van rys tussen Januarie 2000 en Desember 2001 gedaal.

Rys word ingevoer en die sterkte van die rand speel hier 'n groot rol terwyl die kommoditeit min plaaslike verwerking nodig het voordat dit op die winkelrakke beland.

Inmiddels is daar in landboukringe vrese dat die pryse van landbouprodukte nog laer kan neig omdat beplande aanplantings van kommoditeite soos wit- en geelmielies weer tot oorvoorsiening sal lei.

Die nasionale oesskattingskomitee van die departement van landbou sê 'n opname dui daarop dat produsente tans beplan om in die komende seisoen 12% minder witmielies en 4% minder geelmielies as in die vorige seisoen aan te plant.

Mnr. Bully Botma, voorsitter van Graan Suid-Afrika, sê indien produsente by die voorgenome aanplantings bly, moet aanvaar word dat mieliepryse nader aan invoerpariteit sal bly. Hy sê die beoogde aanplantings sal selfs teen 'n opbrengs van so laag as 2,4 ton per hektaar steeds 'n surplus mielies meebring.

Graan Suid-Afrika raai boere aan om 26% minder witmielies en 14% minder geelmielies te plant.

Luidens die oesskattingskomitee se opname beplan produsente ook om in die komende seisoen 6% minder sonneblomsaad aan te plant terwyl meer sorghum (27%), grondbone (79%) en droëbone (14%) aangeplant sal word.

